# *tippet 100*

Die "tippet" is die baie dun stukkie lyn vooraan die vlieglyn van die vlieghengelaar. Dis feitlik onsigbaar - hopelik vir die vis ook! Dit lyk onbenullig – en tog is dit baie belangrik.

In die groepe waarvan jy deel is, is dit ook waar: kollegas, gesin, besigheid en geloofsgemeenskap. Die onsigbare – skynbare onbenullige – dinge is iets soos "hoe hanteer ons konflik in ons groep?" of "hoe dink ons klomp oor mekaar?" Dis die gedeelde droom waarnatoe ons werk en die impak wat ons in die groter gemeenskap wil maak.

Onsigbaar. Dalk nog nooit oor gepraat nie. Lewensbelangrik.

Hoe funksioneer jou groepe?

Francois Retief

29 Oktober 2018